

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING & BEWAREA

NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 02 NOVEMBER 2016 OM 13:00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

NOMMER 07/2016

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met 'n gebed geopen deur Johann Muller, waarna Anton al die lede welkom heet. In besonder George Nezar, ere lid van die vereniging.

2. PRESENSIE

2.1 Teenwoordig

Anton Dellelijn	(Voorsitter)	Tergniet
Mike Wray	(Bestuurslid)	Tergniethoogte
Pieter le Roux		Kleinbrak
Len Rauch		Tergniet
Frik Nel		Fraaiuitsig
George Nezar		Reebok Hoogte
Johann Muller	Suid van Spoorlyn	Reebok

2.2 Afwesig met verskoning

Ray Saul		Reebokhoogte
Johan Lotter	Noord van Spoorlyn	Reebok
Charl Coetzer		Fraaiuitsig
Donovan Claassen		Toekoms
Ann Pretorius		De Lange Uitbr
Charl de Wet		Kleinbrak
Rozain Hansen	Munisipaliteit	
Terry Terblanche		Riverside

3. LIEF EN LEED

Die Voorsitter noem dat Des Muller en Kruger De Wet bedank het. Daar sal op 'n gepaste wyse afskeid geneem word. Die lede het uitsonderlike werk gelewer.

4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Die Voorsitter noem daar 'n paar Notules uitstaande is weens geringe regstellings wat gedoen moet word op versoek van die lede, voor goedkeurings gedoen kan word. . Februarie, April, Junie en Julie Maand is uitstaande. Augustus was verkiesing, September en Oktober was daar geen lede beskikbaar vir n vergadering nie. Die Voorsitter noem dat alle sake deurlopend handteer was. Hy sal met die vorige sekretaresse in verbinding tree sodat Notules op die volgende vergadering gereed sal wees vir goedkeurings.

5. NUWE SAKE VIR BESPREKING

5.1 Verkiesing van Voorsitter & Sekretaresse.

'n Nominasie was ontvang vir George Nezar as Voorsitter. Anton en Annatjie sowel as Len Rauch was onlangs verkies tot Raadslede en daarom dat hulle nie meer in

uitvoerende posisie mag dien nie. Anton noem dat hulle begin van die jaar wou oorgee asook tydens die Julie vergadering maar lede het beslis dat hulle aangaan tot aangewese voorsitter verkies kon word. Goerge is eenparig verkies tot Voorsitter tot Februarie maand 2017 se vergadering waar nuwe bestuurslede verkies gaan word. Ann Pretorius is ook reeds aanvaar as sekretaresse maar is tans oorsee. Die Voorsitter en lede wens hom hartlik geluk en sterkte toe met die belangrike posisie wat hy het om die area voortreflik vorentoe te neem. Die voorsitter noem dat George jare voorsitter was asook ondervoorsitter en het homself bewys.

5.2 Webtuiste.

George spreek sy kommer uit oor die webtuiste onaktief is en met verouderde inligting sit, die nuutste notules ontbreek ook. Die Voorsitter noem dat dit een van die uitdagings is wat die bestuur mee sit. Hy noem dat die inwoners baie kla. Daar is nie kundige lede op die gebied wat eienaarskap kan aanvaar nie. Kursusse was aangebied maar weens die lede se besige programme kon geen lid dit mee maak nie. Hy noem ook dat die webtuiste teen n geringe fooi aktief is per jaar. Dit was n skenking van een van die inwoners af. Die webtuiste is so R17000 werd. Silas Potas plaas alle notules ontvang op die webtuiste wanneer beskikbaar. Die Grondwet en lede se besonderhede moet ook vervang word asook fotos.

Aksie: George noem dat hy kontakte het en hulle sal nader om te help met die opdatering.

5.3 Nuwe verteenwoordigers.

Pieter stel vir Jasper van Zyl voor in Riverside. Brigit Marits word ook voorgestel.

Lede sal bespreek met volgende vergadering. George noem dat Buks Pieterse en Flippie Bezuidenhoud beskikbaar is en graag Rheeboekrif wil help.

Die kwessie rondom Reebok Rif HEV word ook bespreek. George beskik oor heelwat inligting. Die Voorsitter noem dat die inwoners ons genader het vir hulp.

Aksie: George sal ondersoek doen en projek dryf tesame met gemelde persone.

5.4 MBBV&B Grondwet.

George noem dat die Grondwet op die webtuiste verouderd is indien enige veranderinge tydens 'n jaarvergadering gemaak is. Die Voorsitter noem dat daar veranderinge gemaak is voor sy tyd ten opsigte van die lidmaatskap fooie. Alle lede as huiseienaars vorm deel en donasies word gevra. Hy noem dat dit nie werk nie, en lede geld moet weer gevra word om aktiewe inkomste te kry. Hy bespreek ook die negatiewe aspekte indien lede deelvorm maar het geen lidmaatskap fooie betaal nie. Baie Inwoners dring aan dat hulle agendas gedryf moet word. Die voorstel moet weer voorgele word tydens die jaarvergadering. Hy noem ook dat Eureka Park, Suider Kruis, De Lange Uitbreiding asook Toekoms nou deel sal vorm van die MBBV&B indien goedgekeur word by die jaarvergadering

Johann noem ook dat 'n voorstel gemaak moet word dat Buurtwag/sekuriteit ook deelvorm soos Glentana wat hulle Belastingbetalers geld bydra aan die Buurtwag.

George noem ook dat lede geen nuusbriewe ontvang het nie. Die voorsitter noem dat dit ook n leemte is wat aangespreek moet word. Die databasis is beskikbaar en moet opgedateer word. 'n Toegewyde persoon moet gekry word wat daarvan hou om briewe en korrespondensie te stuur. Len noem dat daar ooreengekom is dat die

Buurtwag databasis gebruik mag word omrede die twee organisasies n gemeenskaplike doel het.

5.5 MBBV&B AJV.

Die lede besluit op die 19 Des 2016 om 10H00. Anton sal die saal bespreek asook advertensie plaas. Alle lede moet 9 uur daar wees om te help. Frik noem dat die saal se mure geveerf moet word, aangesien die proxima baie onduidelik vertoon.

5.6 Aktiwiteits Lys.

Frik meld dat die aktiwiteitslys opdatum gebring moet word. Die voorsitter sal die regstelling doen.

7. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

7.1 Beskikbare verteenwoordigers Rheeboek Rif.

Reeds bespreek.

7.2 Duinversteurings.

Reeds afgehandel.

7.3 Bestuur: Gate in teerpad en foutiewe straatligte. Anton.

Aksie: Deurlopend en Afgehandel.

7.4 Munisipale Vakansieseisoen vergadering.

Aksie: Goerge en Johann sal Bywoon indien Mike en Ann nie kan bywoon nie op 7 Nov.

8. **BYWONING MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS**

Die Voorsitter verduidelik aan George hoe die besoeke werk asook die positiewe impak op die werksaamhede van die vereniging. Johann en George sal bywoon.

9. **WYKSKOMITEES**

Lede sal terugvoer gee tydens volgende vergadering.

10. **PROJEKTE**

Punte is op Aktiwiteitslys geplaas.

11. **FINANSIES**

Geen gelde is uitbetaal nie. Fondse vir MBBV en die Bewarea bly onveranderd.

12. **POLISIËRING/BUURTWAG**

Johann gee voliedig terug rakende die onlangse statistiek. Die Voorsitter wens Johann en sy span geluk met hulle werksaamhede. Die Polisie stasie is die beste in die Provinsie asook onder die top 10 in Suid Afrika.

13. **BEWAREA (Jorrie en Johann)**

Die Voorsitter noem dat hy terugvoer gegee het by die Jaarlikse Garden Route Cape Nature se jaarlikse vergadering oor die werksaamhede van Midbrak Bewarea. Die Cape Nature bestuur het ons geloof vir uitsonderlike werk. Anton bedank Wendy Wiles met die Klipspringer wandelpad. Tweede fase is ook betaal en skoongemaak. Inligtingsbord asook plante identifikasieborde gaan ook aangebring word. Daar is n kamera ook wat aangekoop gaan word. Groot dank en waardering aan Casino Trust vir hulle geloof in ons werksaamhede. Die voorsitter nooi die lede uit om die pad te gaan stap.

14. **PLAASLIKE SAKE**

14.1 De Lange Uitbreiding (Ann)

Geen.

14.2 Toekoms (Donovan)

Geen.

14.3 Eureka Park (Voorsitter HEV)

Geen. Die Voorsitter sal kontak maak met die voorsitter.

14.4 Fraaiuitsig (Frik Nel en Charl Coetzer)

Geen.

14.5 Suiderkruis (Vakant)

Geen.

14.6 Riverside (Terry)

Geen

14.7 Tergniet (Len en Anton)

Aksies word deurlopend gedoen

14.8 Tergniethoogte (Mike).

Geen.

14.9 **Klein Brakrivier (Charl de Wet & Pieter le Roux)**

Geen.

14.10 **Reebok**

14.10.1 Noord van die Spoorlyn (Johan Lotter)

Geen.

14.10.2 Suid van die Spoorlyn (Johann Muller)

Geen.

14.11 Reebokhoogte (Ray & Kruger)

Geen.

14.12 Reebokrif

.

15. **KORRESPONDENSIE**

Geen.

16. **ALGEMEEN**

Geen

17. **VOLGENDE VERGADERING**

Die volgende vergadering sal op Dinsdag, 7 Desember 2016, om 13:00 by Reebok Gemeenskapsaal plaasvind.

18. **VERDAGING**

Die vergadering verdaag om 15h00.

ANTON DELLEMIJN
SEKRETARESSE

GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 08/2016 GEHOU OP 07 NOV 2016 – 13H00

VOORSITTER

MBBV&B AKTIWITEITSLYS 2016/2017	
Onderwerp	Bespreking
1. Midbrak N2/R102 Ontwikkeling – voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of 'n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpsstigting	Des 2016
2. <u>Sake by Munisipale Regsafdeling:</u>	
a. Tennisbane – Klein-Brakrivier (navraag oor eiendomsreg)	Des 2016

b.	Erf 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg)	Des 2016
c.	Koraal Singel 43 (Vordering). Regsgeding.	Des 2016
3.	Strate en Stormwater (Reebok en Tergniet) – Kusweg 211, 275 & hv De Jager & Kusweg	Des 2016